**Bybelse inspirasie vir Hey! se getroue vrywilliger,vennoot & vriend; Maart 2011 se vraag is:**

# "Waar in die rivier staan jy?"



Die klank van 'n **kabbelende rivier** stem mens mos sommer rustig en laat jou fokus op die mooi van die skepping! 'n Stappie met die honde by die Lourensrivier op 'n Sondag help om die batterye te herlaai vir die week wat voorlê. As winterreëns die rivier sterk laat vloei is dit groot pret om met 'n binneband stroomaf te dryf . Om krappe te soek in die rivier is groot pret! Het jy al jou eie spesiale rivierklippie uitgesoek wat vir joú mooi is? Riviere is wonderlik om verskeie redes! Maar het jy al ooit aan die lewe gedink as 'n rivier?

**Hierdie maand se inspirasie gaan daaroor om eerstens elke dag voluit te lewe en tweedens te besef dat more in die hande van God is! Wess Stafford** vertel in sy boek " **Too small to ignore**" van sy dae as kind van 'n sendeling in Nielle op die Ivoorkus, Wes -Afrika. Die inwoners het 'n baie eenvoudige bestaan gemaak maar was baie gelukkig en tevrede. Hulle het elke dag voluit gelewe en geniet as die geskenk wat God vir hulle gegee het. Die hoof van die stam het die natuur gebruik om lewenslesse te leer. Hier is sy wyshede wat ek aanhaal aan uit die boek: **"Time is like a river. It flows along like water, from the future to the present and into the past. But there is a bend in the river.We know the water is coming, but we can't see it or know very much about it. All we know is that it is coming. The present is now-the days we live today. This is God's gift to us. It is meant to be enjoyed and lived to the fullest. The present will flow by us and of course become the past."** Dit het my beslis aangespreek en nogal diep laat dink ! Dalk spreek dit tot jou ook? Die wyse stamhoof se beskrywing van die Westerse wêreld, wat nie kan wag vir die toekoms om aan te breek nie het my laat lag maar ook besef dat ons soms net so is. Waar bevind jy jou in die rivier van die lewe? **"They stand in the river, facing upstream and though the river swirls dangerously around their knees and nearly topples them, they don't care...because they strain to see around the bend in the river, the present nearly knocks them down."** Hy gaan dan aan deur te vertel hoe die toekoms die verlede word sonder dat mense dit agterkom. **" ..the memories fade and they make the same mistakes all over again. Although the future is not known to us, it is known to God and only to God. You don't need to worry about it..all we can see and feel is the present. All we can remember and honour is the past"** Daarom moet ons nie rusteloos oor die toekoms wees nie. Die Amplified stel dit so mooi in **1 Petrus 5:7** : **"Casting the whole of your care [all your anxieties, all your worries, all your concerns, once and for all] on Him ."** Dis so belangrik om vandag "memories" op te bou met jou geliefdes. Maak dit jou doelwit die maand om rustig te wees op die plek in die rivier waar God jou plaas op die stadium. Wysheid is dalk wat ons nodig het hiervoor volgens **Ps 90:12 "Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom"**



***Bid saam uit "Seën jou gees" van Arthur Burk:*** **"Jou tye is veilig in God se hande. Ek seën jou om jou Vader se wonderlike geskenk van tyd te geniet, en ek seën dat jy op hierdie oomblik bewustelik en ten volle die rykdom daarvan sal smaak en geniet. Ek seën jou dat jy jou nederig aan Hom sal onderwerp, in Hom sal glo en Hom sal vertrou vir die resultaat"**

**Dankie vir elk se insette in HopeExplosionYouth Ministries se bediening: hetsy gebed,f inansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons in jul gebede vir wysheid elke dag.Celeste Steinmann 082 322 5299 www.hey.org.za**